Ons nooi jou uit om by die OBARO-span aan te sluit en saam 'n beter toekoms vir ons industrie te bou. OBARO glo daarin om 'n positiewe werkskultuur te kweek wat loopbaan-groei en innovasie aanmoedig, daarom is ons opgewonde om die OBARO kultuur met nuwe lede van die OBARO-span te deel. Met 90+ jaar se ondervinding streef OBARO daarna om die boer se besigheid op elke plaas te wees.

# VERHOUDINGSBESTUURDER (AGRI)
# OBARO LYDENBURG
# *(Verw.:24/344)*

Die suksesvolle kandidaat sal aan die Besigheidsbestuurder rapporteer.

**Verantwoordelikhede:**

- Bemarking van finansieringsprodukte;
- Hantering van kredietaansoeke;
- Hantering van rekeningnavrae;
- Kliëntebediening in die bemarkingsgebied en bestuur van kliënte se finansierings-verwante sake;
- Monitering van oeste en saamstel van oesverslae;
- Bestuur, rapporteer en invordering van agterstallige rekeninge;
- Instandhouding en groei van die finansieringsboek in die bemarkingsgebied;
- Handhaaf en bestuur goeie interne verhoudings;
- Opstel van kontantvloeibegrotings en -ontleding/interpretasie van finansiële state van kliënte; en
- Bywoon van inligtingsdae.

**Vaardighede, Kwalifikasies en Algemene Vereistes:**

- Graad 12 kwalifikasie;
- Geldige bestuurslisensie;
- Afrikaans- en Engelsmagtig;
- Rekenaarvaardig en kennis van die MS Office pakket;
- 'n Tersiêre kwalifikasie sal voorkeur geniet;
- 2 - 3 jaar finansieringsbemarkingsondervinding;
- Ingesteldheid op dienslewering en bemarkingsvaardighede;
- Uitstekende kommunikasievaardighede asook goeie menseverhouding;
- Basiese begrip van die ekonomiese en sosiale aspekte van landbou, insluitend marktendense, bestuurspraktyke en beleide wat die bedryf kan beïnvloed; en
- Algemene insig rakende die Landbou.

OBARO bied die suksesvolle kandidaat 'n mededingende pakket, gebaseer op totale koste van indiensneming.

**Om aansoek te doen vir hierdie pos, besoek asseblief ons webwerf op [www.obaro.co.za/careers](www.obaro.co.za/careers)**

**Sluitingsdatum: Vrydag, 18 Oktober 2024.**

*Die aanstelling sal gedoen word in ooreenstemming met OBARO se Gelyke Indiensnemingsplan.*

Deur aansoek te doen vir hierdie pos stem u, in terme van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI), in dat u persoonlike inligting wat verkry word deur OBARO en derde party leweransiers, die inligting mag gebruik en stoor om verwysings na te gaan en vir kredietwaardigheid ondersoeke en statistieke verslag doeleindes. Indien u 30 dae na die sluitingsdatum nog nie van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol is.